## KINDERKERK: Emoji Gebed

**Doel van les:**

- Ons gesels bietjie oor gebed en gebruik emojis om te bid oor sekere sake.

**Sê: Ballon illustrasie:** Neem 'n glas, vuurhoutjie en opgeblaasde ballon. Steek die vuurhoutjie aan die brand en gooi dit versigtig in die glas. Laat dit vir 'n rukkie brand en soos dit amper doodgaan, plaas 'n opgeblaasde ballon oor die mond van die glas en hou dit daar. Die ballon behoort na 'n rukkie 'n bietjie in die glas ingesuig te word sodat jy jou hande daarvan kan afneem. Tel die glas op, die ballon en die glas sal as eenheid saam kan beweeg.

Gebed bring jou nader aan God – net soos daardie ballon en glas saam beweeg, so is jy en God dan so naby aan mekaar en kan jy ook beter weet wat God van jou wil hê, want God wil ook met ons praat as ons net mooi wil luister.

Gebed verander dinge in jou lewe wat niemand of niks anders kan doen nie. bv as jy iemand by die skool het wat jou die heeltyd boelie maar jy begin bid dat Jesus die persoon se hartjie moet verander dan voor jy jou kan kry het Jesus iets in die persoon se lewe kom doen sodat hy/sy jou nie meer boelie nie.

Daar is KRAG in gebed bv. geneesing van siektes. So vandag gaan ons saambid en speletjies speel. Is julle reg?

1. **Gebedspunt 1: Bid vir iemand wat jy ken wat hartseer is en vra vir God om hulle te troos.**

Wys vir die kinders die hartseer emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

2. **Gebedspunt 2: Sê vir God dankie vir jou familie en ander mense in jou lewe vir wie jy lief is.**

Wys vir die kinders die volgende emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die volgende punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

**Sê:** Kom ons speel 'n lekker speletjie waarvoor julle julle gesigspiere moet gebruik. Ek gaan vir julle 'n klomp emoji gesiggies wys met wat julle moet doen.

**Speletjie 1: Cookie face:** Gee vir elke kind 'n koekie. Hulle moet die koekie op hulle voorkoppe sit en net met die spiere in hulle gesig, die koekie beweeg van hulle voorkoppe na hulle mond.

3. **Gebedspunt 3: Bid vir iemand wat seergekry het en vra vir God om hulle beter te laat voel.**

Wys vir die kinders die volgende emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die volgende punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

4. **Gebedspunt 4: Sê vir God dankie vir vriende en mense in ons lewens wat ons laat lag.**

Wys vir die kinders die volgende emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die volgende punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

**Speletjie 2: Kunswerk:** Gee vir elke kind 'n backing board, skoon blaai en 'n gem/koki. Hulle moet die blaai op die backing board sit, en dit dan op hulle koppe sit. Nou moet hulle daardie smiley face emoji teken wat jy pas vir hulle gewys het by gebedspunt 4. Kom ons kyk wie se kunswerk die meeste na die emoji lyk.

5. **Gebedspunt 5: Vra God om jou te help om nie te gou kwaad te word vir ander nie.**

Wys vir die kinders die volgende emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die volgende punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

6. **Gebedspunt 6: Sê vir God hoe groot Hy is en hoe wonderlik jy dink Hy is.**

Wys vir die kinders die volgende emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die volgende punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

**Speletjie 3: Find the differences.** Gee vir elke kind die Emoji find the differences blaai.

7. **Gebedspunt 7: Bid vir iemand wat siek is en vra God om hulle gesond te maak.**


Wys vir die kinders die volgende emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die volgende punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

8. **Gebedspunt 8: Sê vir God dankie dat Hy elke dag vir jou sorg en jou help.**

Wys vir die kinders die volgende emoji. Vra vir hulle wat hulle op die gesiggie sien. Gee vir hulle nou die volgende punt waaroor hulle moet bid. Laat elkeen op hul eie bid.

**Aktiwiteit:** Indien daar nog tyd oor is, kan die kinders inkleur. Druk ook die emoji gebede uitdeelstuk uit en gee vir elkeen een om huistoe te neem.

Sluit af met gebed

# Emoji gebede 



Bid vir iemand wat jy ken wat hartseer is en vra vir God om hulle te troos.



Sê vir God dankie vir jou familie en ander mense in jou lewe vir wie jy lief is.



Bid vir iemand wat seergekry het en vra vir God om hulle beter te laat voel.



Sê dankie vir God vir vriende en mense in ons lewens wat ons laat lag.



Vra God om jou te help om nie te gou kwaad te word vir ander nie.



Sê vir God hoe groot Hy is en hoe wonderlik jy dink Hy is.



Bid vir iemand wat siek is en vra God om hulle gesond te maak.



Sê vir God dankie dat Hy elke dag vir jou sorg en jou help.

